

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
6 Mei 1973

Onderwerp: Vergewing

Lees: Lukas 15 verse 11 tot 24

Teks: Lukas 15 verse 17 tot 23

Sing: Psalm 33 vers 1
Gesang 36 vers 3
Gesang 40 verse 1, 5 en 6

“Die eerste gedeelte van hierdie bekende gelykenis handel oor die waarheid dat die mens van God kan wegbreek. Daar leef in die oue mens die drang om van God af weg te gaan. Baie het al só hul rug op God gedraai. En hoeveel is daar wat nou besig is om dit te doen?

“Dalk is daar sommige van ons wat op die oomblik in die bedwelming van die vreemde verkeer en wat in die ontnugtering en troosteloosheid van die vreemde vasgevang is. En dan is die vraag: Sal God my weer aanneem?

“Ons gelykenis sê: God sal ons weer aanneem, want in hierdie gelykenis openbaar Hy aan ons die wonder van vergewing. Dit is ’n wonder wat ons traag is om te aanvaar. Dit is ’n struikelblok vir baie. Vir ander is dit té goed om waar te wees. Hulle is bang. Nóg ander beskou die allesvergewende Evangelie as gevaarlik omdat dit, volgens hulle, sorgeloosheid in die hand werk.

“Daarom, Broers and Susters, wil ons vanmôre in die lig van hierdie gelykenis sekere opvattinge in verband met vergewing ondersoek. En ons sal ontdek dat vergewing dikwels verkeerd verstaan en ervaar word.

“Een van hierdie wanopvattinge is die lering van vergelding. Daar is mense wat God wil sien as die grimmige gewelddoener wat die sondaar met meedoënloosheid wil straf en slaan. En as die sondaar onder hierdie slae dom, gebroke en gedweë is, dán eers sal God hom vergewe. Die sondaar moet sy vonnis eers dra en sy straf eers uitdien, voordat hy genade en vergifnis by God kan ontvang. Hy moet eers ineenkrimp onder die pyn van God se slae, voordat hy vergewe word.

“Mense wat só redeneer, beskou dit amper as kettery as die liefde van God té veel beklemtoon word. O nee, God se geregtigheid staan vir hulle voorop. Hulle wil nie die kerk van die kruis hê nie, maar die kerk van die swaard. Die sondaar moet afgeransel word. En hulle verwag dat die kerk met koue beslistheid aan sondaars moet vertel dat God hulle êrens inwag.

“Ons sal verbaas wees dat baie mense hierdie vergelding in sy skeefgetrekte verband, as gereformeerde beskou. Diesulkes is só bang vir God, dat hulle vrymoedigheid teenoor God sterwe. Hulle probeer God liewer ontwyk en gaan gebuk onder ’n las van skuldgevoelens.

“Luister na Jesus as Hy vertel van sy Vader: ‘En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen.’ (Luk 15:20)

“Ons leer hier nêrens van ’n wrede en onbarmhartige God nie, maar van ’n Vader wat elke dag in deernis die horison bespied en verlang na die terugkoms van sy verlore seun.

“Ons leer hier nêrens van ’n verwyte nie, maar alleen dat hy hom innig jammer gekry het.

“Ons leer hier nêrens van ’n afranseling nie, maar van ’n omhelsing en ’n soen van verwelkoming.

“Luister na Jesus as Hy praat van die blydschap van God oor een bekering; die herderskap van God wat die verlore skaap gaan soek en op sy skouers terugdra; en die genade van God wat sondaars met Hom versoen.

“Luister na Jesus, wat onder God se geregtigheid aangerand, gesmaad en gehoon was; sodat diegene wat in Jesus Christus is, nooit enige vergelding sal ontvang nie.

“Nee, Broers en Susters, diegene wat verlore is, kan soos die verlore seun bly praat van ‘my Vader’. Jesus was die verlate Seun om dié wat verlore is te red.

“Vir hulle wat God in Jesus Christus nader, is daar vrymoedigheid en vergifnis. Só oorvloedig en só liefdevol dat daar geen sprake van vergelding is nie.

“Nog ’n wanopvatting is die lering van verdienste.

“Daar is ’n merkwaardige sinnetjie in die verlore seun se voorneme. Hy wou vir sy Vader sê: ‘... maak my soos een van u huurlinge.’ (Luk 15:19)

“’n Huurling is ’n dagloner, ’n los werker wat minder is as die bediendes van die huis.

“Wat het hy hiermee bedoel? Was dit uit beskeidenheid? Wou hy daardeur getoon het dat hy

berou gehad het? Wou hy deur verdienste sy saak met sy Vader reggemaak het?

“Hy was gewillig om die nederigste werk miskien vir maande of jare te verrig. Daaruit sou sy Vader dan kon sien wat hy gedoen het en op grond daarvan miskien kon sê: Ek sien jy het van jou kant baie gedoen om alles weer reg te maak. Omdat jy só geywer het, sal ek jou vergewe.

“Daar is baie wat dink dat hulle moet worstel, stry en ly en aanhoudend moet bid om vergewe te word.

“Hierteenoor is dit veelseggend dat die seun in die ontmoeting met sy Vader, sy skuldbelydenis uitgespreek het, soos hy hom voorgeneem het, maar ‘maak my soos een van u huurlinge’ uitgelaat het.

“Hoekom?

“Eenvoudig omdat hy nie kans gekry het om dit te sê nie. Sy Vader het hom in die rede geval en die diensknegte beveel om vir hom die beste kled, ’n ring, skoene vir sy voete en die vetgemaakte kalf te bring.

“Wat beteken dit alles?

“Dit beteken dat die Vader hom in sy kindskap herstel het. Die kled het sy waardigheid teruggegee. Die ring het hom weer die volmag in die huis gegee. Met daardie seëlring kon hy weer namens sy Vader optree. Die skoene was die teken van sy status in die huis, dat hy heer was en geen kneg nie. Die feesmaal was ’n teken aan die gemeenskap dat sy verhouding met sy Vader herstel was.

“Daar was geen sprake om van hom ’n huurling te maak nie. Daar was geen verdienste wat aangebied moes word om vergewe te word nie. Sy regte as kind is herstel sonder ’n proeftydperk, of ’n reeks dade of prestasie van sy kant.

“Ons word in Jesus Christus sonder verdienste as kinders aangeneem. God neem jou terug sonder dat jy enigiets moet doen om dit te verdien. God ontvang in Jesus Christus die sondaar terug as kind en gee hom onmiddelik die waardigheid, volmag en status sonder enige verdienste van sy kant.

“Nog ’n wanopvatting is die lering dat die mens kan voortgaan om te sondig, omdat God dit vergewe. Paulus moes walgooi teen gemeentelike wat geredeneer het: Hoe méér sonde, hoe groter word die genade.

“Broers en Susters, hierdie opvatting word vandag nog in die kerk aangetref, want ons het vandag nog mense wat sonde sien as ’n kans vir God om te vergewe.

“Daar is mense wat redeneer dat sonde nie so erg is nie. Hulle dink die genade is nog altyd daar om dit te kanselleer; en dat om te sondig deel is van die proses om God te vind. Jy moet die moed hê om die HERE vaarwel te sê, sodat jy weer die vreugde kan smaak om deur Hom aangeneem te word. Die vergewing word ’n verskoning vir die sonde. En die konsekwensie hiervan is dat God beskou word as dat dit God se werk is om te vergewe. En só word vergifnis ’n skuilkelder vir ongebonde lewe. Dit word beskou as ’n versekeringspolis wat in elkgeval uitgekeer sal word.

“Broers en Susters, ons gelykenis leer die teendeel. Vergifnis geskied nie outomaties nie. O nee! Die seun het eers tot homself gekom en homself in sy armsalige toestand gesien. Hy het eers tot inkeer gekom en daarna ’n omkeer terug na God toe gemaak. Hy het ’n breek (finale breek) gemaak met sy sonde. Daarna het sy skuldbelydenis gevolg, gedra deur ’n diepe berou.

“In essensie is dit ’n erkennig dat die sonde ’n verset teen God self is.

“En dan vergewe God.

“Dit is so dat die Heilige Gees hierdie inkering en omkering en skuldbelydenis in ons bewerk deur die Woord en die oproep tot bekering, asof alles van ons afhang. Maar dit is steeds jou verantwoordelikheid om jou te bekeer. Sonder bekering is daar geen vergifnis nie, maar die oordeel.

“Daar is vergifnis sonder vergelding vir diegene wat in Jesus Christus is, want Hy het die vergelding gedra. Daar is vergifnis sonder verdienste vir diegene wat in Jesus Christus is, want Hy het dit verdien.

“Broers en Susters, as enigiemand in die aangesig van sy sonde opstaan en met berou en belydenis deur Jesus Christus na die Vader gaan, is daar grenslose vergifnis: sonder vergelding, sonder verdienste, sonder verwyte. Dit is die Evangelie.

“Maar solank ons in die sonde volhard, is ons uitgesluit van vergifnis.

“As u vir God sou sê: O HERE, ek bely dat ek gesondig het. Ontferm U oor my. Was weg die smet van my sonde. Maak my soos een van u huurlinge. Dan antwoord God: Nee, jy is my kind, my weggeloopte kind en Ek het jou gevind. Ek sal jou nie straf of eers hard laat werk voordat Ek jou aanneem nie. Jou verlange na My is My verlange wat jou trek.

“Toe jy teen my opgestaan het, het Ek in die stal gaan lê in die krip. Toe jy jou van my losgeruk het, het Ek my arms aan die kruis oopgemaak om jou terug te

verwelkom. My kind, kom tuis dat Ek jou in jou volle regte herstel.

“En dan plaas die Vader sy hand onder die ken van ’n seun wat skaam sy oë neerslaan en ons kyk op. Sprakeloos, staan ons voor die wonder van vergifnis. Die skaduwee van die kruis val oor ons. Die angs verdwyn en met groot verligting hoor ons:

“‘Jou sondes is jou vergewe.’

“Amen.”